# Hoe lyk Afrikaans in 'n bevryde Suid-Afrika?

**Afrikaans het jare lank apartheid vergestalt, maar swart Afrikaanssprekendes het reeds begin om die taal te bevry van sy verlede. LARRY POKPAS voer aan dat 'n beleid van veeltaligheid, asook die opmiddelikke opheffing van Afrikaans as "volkstaal", van uiterste belang is vir die toekoms van die taal.**

SUID-AFRIKA beleef tans 'n tydperk van ongekende politieke fluïditeit. Die steunpilare van apartheid is bestem om binnekort te verkrummel. Gesprekke oor onderhandeling probeer koers vind om 'n ander bestel te rekonstrueer.

Taal vervul in hierdie prosesse van verandering en verset 'n sleutelrol. In die verlede is taal, en veral Afrikaans, gebruik om apartheid te vergestalt. Dit sal dus 'n deurdagte taalstrategie verg om die skade daarvan te herstel.

Die prominensie van Afrikaans in die politieke sentrum van die hegemonie is algemeen. Tog huldig die opinies nie noodwendig die sentimente van swart Afrikaanssprekendes nie. Alhoewel Gerrit Viljoen reeds in 'n vroeë stadium van transformasie verklaar het dat Afrikaans gehandhaaf en nie onderhandelbaar is nie, suggereer die huidige stilte dalk 'n verskuiwing van standpunt.

Hierdie artikel probeer die posisie van Afrikaans in 'n bevryde Suid-Afrika aanspreek.

Teen die agtergrond van die krisisse oor die voortbestaan van Afrikaans is dit noodsaaklik vir die toekoms dat niemand se taalregte ontneem word nie. Tot dusver is slegs twee van die 11 Suid-Afrikaanse tale as ampstale erken. Die res is oor die jare gemarginaliseer en/of geniet slegs erkenning in 'n tuislandkonteks. Om die wanbalans te herstel, moet veeltaligheid in Suid-Afrika tot volle erkenning kom.

Afrikaans is die afgelope 100 jaar nou verbind met Afrikaner-nasionalisme en politieke mag. Dit het verder gelei tot die enge assosiasie met dié magsblok en deur Afrikaans is relasies van oorheersing en verdeling gehandhaaf. Die taal het so die stigma van 'n verdrukkerstaal gekry. 'n Oorsig van hierdie geskiedenis toon dat:

- Afrikaans – die kombuis- of hotnotstaal van toentertyd – sedert die 1870's gebruik is om politieke mag van die Britse imperialiste te verkry;
- Afrikaans gebruik is om blanke Afrikaanssprekendes onder die term "Afrikaners" tot 'n politieke "volk" te mobiliseer;
- Afrikaans opgeëis is as besitting van dié volk;
- Afrikaans 'n eksklusiewe en verdelende Afrikanerskap geskep het;
- Afrikaans, in die woorde van Malan, "draagster van onse kultuur, van onse geskiedenis, onse nasionale belange" gaan word het.

Bykans elke taalboek wat die patriotiese rol van volksvaders vereer, is 'n flagrante miskenning van die swart Afrikaanse geskiedenis. Van die Afrikaans-Hollands van die Khoekhoens, die Afrikaanse instruksietaal onder Moslems (1815) of die Arabiese invloed op die Afrikaanse taalstruktuur (om enkeles te noem) kom weinig aan die lig.

Inhoudelik het die Afrikaanse terminologie draers van Afrikaner-nasionalisme gaan word. Die etniese grondslag van begrippe soos "nasie, volk, kultuur" is semanties onversoenbaar met die ekwivalente in ander tale. "Volksgeskiedenis" en "people's history" is byvoorbeeld twee onversoenbaarhede. Afrikaanssprekenheid het vir Afrikaners sosiale mobiliteit ingehou, terwyl swart mense se onvermoë om die taal te besig hul uit sleutelfunksies geweer het.

> **'Spraakgemeenskaplike beginsels eerder as die dominerende, verdelende karakter van Afrikaans moet toenemend al sy sprekers dien'**

Tot dusver was die taalbeleid diskriminerend. Benewens ras en geslagsvooroordele moes swart mense eers die hindernisse van die ampstale oorbrug om toegang tot kompeterende terreine te verkry.

DIE ANC poog in hul onlangse "A Bill of Rights for a New South Africa" onder meer om die regte en vryhede van indiwidue, waaronder taalregte, aan te spreek. Alhoewel hierdie ideale 'n regverdiger bedeling in die vooruitsig stel, is die praktiese implikasies daarvan nog nie uitgespel nie. Die taalregte verdien verdere aandag.

Afrikaans behoort sy regmatige posisie naas al die ander tale van Suid-Afrika in te neem. Die ander tale sluit in Sindebele, Sepedi, Sesotho, Siswati, Setswana, Engels, Tsonga [Shangaan], Venda, Xhosa en Zulu. Op die wyse sou die taal – sonder die bevoorregting van mag en status – kan toon dat dit heelwat kan bied om 'n Suid-Afrikaanse kultuur te skep. Enige poging om enige taal vanuit 'n outoritêre magsposisie bo die ander tale te verhef, sou steeds 'n voortsetting van diskriminasie wees.

Ten einde die potensiaal van konflik te ontlont, behoort die tale minstens in die streke waar dit algemeen gebesig word, erkenning te geniet. Dit sal die redelike reg van elke indiwidu tot opvoeding, openbare diens en beroepstoegang in elkeen se voorkeurtaal erken. Sonder hierdie regstellende aksie (affirmative action) van veeltaligheid sou die jarelange verset en stryd teen verdrukking nutteloos wees.

Spraakgemeenskaplike beginsels eerder as die dominerende, verdelende karakter van Afrikaans moet toenemend al sy sprekers dien. Dit impliseer die onmiddellike opheffing van Afrikaans as "volkstaal" en 'n regstelling van 'n ideologies-verdraaide geskiedenis.

DIE Lippetaal-erkenning aan die Afrikaanse dialekverskeidenheid is nie genoeg nie. Standaardtaal, wat in die dae van Preller reeds ingevoer is om Afrikaans van sy "Kleurlingskap" te suiwer, behoort ernstig hersien te word en ruimte te maak vir die rykheid van Afrikaanse dialekte. Of ideologies-eksklusiewe bewakers en handhawers van verdeeldheid in Afrikaans dan steeds 'n rol te vervul het, sal die toekoms ons leer. Enige verdelende beginsel vir Afrikaans is egter moeilik versoenbaar met die ideale 'n unitêre Suid-Afrika.

Die begrip "ampstaal" soos dit tans bedryf word, roep bepaalde betekenisse op. Een of twee tale hoef byvoorbeeld nie al die funksies – juridies, polities, ekonomies en opvoedkundig – te vervul nie. In 'n poging om op demokratiese wyse aan die massas insae en toegang tot die funksies te gee, behoort meer streekstale oorweeg te word. Op dié wyse kan 'n taal, wat oor die grootste deel van die land bekend is, as nasionale "bindingstaal" meehelp om die ideale van 'n hegte Suid-Afrikaanse nasie te verwesenlik.

Dit is veral swart Afrikaanssprekendes wat, vry van die Afrikaner-nasionalistiese verantwoordelikheid, die bevryding en rehabilitasie van Afrikaans begin het. Sonder die kunsmatige bemagtiging van kommissies, kongresse en burokrasie het Afrikaans onder swart Afrikaanssprekendes toegeneem as kommunikasie-, bevrydingstaal en Afrika-taal. ❑

**Larry Pokpas is 'n lektor in die Afrikaans/Nederlandse department by die Universiteit van Wes-Kaapland.**